

**Maandag 3 Julie**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17-24 (AFR53)**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 4:23-24**

**Die mens as beeld van God: Geskep tot 'n ware sin van geregtigheid en heiligheid!**

Die derde en vierde aspek van geskep wees na die beeld van God vind ons in Efesiërs 4, naamlik ware geregtigheid en heiligheid. Ware geregtigheid is om te weet wat volgens God reg is en om in die regte verhouding met Hom te staan. Só was dit tussen God en mens ná die skepping voltooi is en vóór die sondeval.

Met die sondeval het die ware geregtigheid totaal en al gebreek. Omdat dit in ons gebreek het, is ons nie by magte om dit te herstel nie. Christus, die ewebeeld van God, herstel die ware geregtigheid deurdat Hy die straf op ons sonde dra en só vir ons die reiniging van ons sonde bewerkstellig het (vgl. Heb. 1).

Om heilig te wees, is om eenkant geplaas te wees. Só was die mens met die skepping voor die sondeval eenkant geplaas, heilig verklaar, deurdat dit net van die mens gesê is dat God die lewe in hom geblaas het, dat die mens na God se beeld geskape is, en dat die mens uit die grond van die aarde gemaak is. Hierdie drie dinge maak die skepping van die mens heeltemal uniek ... heilig.

Hierdie heiligheid word verder duidelik wanneer ons onthou dat dit net met die mens is wat God só 'n verhouding aanknoop dat sy Seun die sondelas vir ons kom dra. Terwyl die hele skepping deur die sondeval geraak is, is dit net vir die mens wat God in Christus vergifnis gee en herstel bring deur die Gees wat in ons werk. Dit is die Heilige Gees wat geloof werk, wat ons die versoening wat Christus bewerk het, laat omhels, en wat daagliks in ons werk dat ons al hoe meer vernuwe word na die beeld van God.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3*

*Ds. KP Steyn (Karel) (Vredenburg/Saldanha)*